LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad:www.laervolkskool.co.za

11-01-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 1 VIR 2017

1 **WELKOM TERUG**:
Baie welkom terug aan al ons ouers en leerders na 'n heerlike vakansie. Ons sien uit na die eerste kwartaal en al sy aktiwiteite. Ons weet dat ons op u positiewe gesindheid en ondersteuning kan staatmaak.

2 **WELKOM AAN DIE NUWE ONDERWYSERS**:
Baie welkom aan ons nuwe onderwysers by die skool nl. Juf Amanda Roods (Gr 1A);
Juf Deo-Dané du Plessis (Gr 4D) en Juf Christine Lee (Gr 6C).

3 **SNOEPIE**:
Die Snoepie se spyskaart gaan weekliks soos volg wees:

Maandae	Pasteie of Ham en kaas toast broodjies	R15/ R10
Dinsdae	Worsrol of Hotdog	R15/ R10
Woensdae	Skyfies, russians, viennas of hoender nuggets	tussen R10 en R15
Donderdae	Hamburger	R15
Vrydae	Pizza	R10

Leerders moet asb voor skool gaan bestel om teleurstelling te voorkom.

4 **OUERDAG**:
Ouers word herinner aan ons Ouerdag op Saterdag, 14 Januarie 2017. Hierdie dag word gereël uitsluitlik om ons ouers betrokke te maak by ons skool. Kom en ervaar u kind se skoolloopbaan saam met hom/haar, skep saam herinneringe. Ons kinders is ons toekoms. Verrigtinge begin om 09:30. Kom luister na ons gasspreker, Dr Johan Smith. Na afloop van die oggend, kan u klasse toe beweeg waar u kans gaan kry om vrae te vra oor kwelkwessies. Ons wil ook van die geleentheid gebruik maak om Graad verteenwoordigers te verkies. Ons behoort om 11:00 klaar te wees. Sou dit reën sal daar alternatiewe reëlings wees.
LET WEL: PARKERING IS BESKIKBAAR OP DIE RUGBYVELD.

5 **NASKOOLSENTRUM**:
- Die Naskoolsentrumleerders moet asb. almal weer inskryf. Vorms is beskikbaar by die naskooltannies of Navrae kantoor.
- Indien u naskoolrekening agterstallig is vir 2016, kan u kind nie weer ingeskryf word vir 2017 alvorens agterstallige rekening op datum is nie.

6 **BELANGRIKE DATUMS VR 2017:**

Skool begin vir leerders	11 Januarie
Leiers Inhuldigingsfunksie	11 Januarie om 18:00 in die skoolsaal
Ouerdag	14 Januarie om 09:30 op die rugbyveld
Huissport	16 Januarie - Hoër Volkskool se velde om 13:00 SKOOL VERDAAG OM 12:00
Atletiek:	
Fonteine	20 Januarie 2017 - weg
Christiaan Beyers	26 Januarie 2017 - tuis - HVH se velde
Van Riebeeckpark	31 Januarie 2017 - tuis - HVH se velde
Vryheidsmonument	2 Februarie 2017 - weg
Leierskamp	*3-5 Februarie - Mondoro*
Heidelberg Kampioenskappe	15 Februarie 2017
D7	21 Februarie 2017

7 **ATLETIEK 2017**:

KLEREDRAG:

- Maandag, 16 Januarie trek almal hul spandrag, nl groen of geel/goud t-hemde aan. Atlete wat wel skool-atletiekdrag het, mag daarin deelneem saam met die skoolatletiekbroekie.
- Vrydag, 20 Januarie trek die atlete, 'n skool-atletiekhemp met 'n groen/swart lang kniehoogte "ski-pants" aan en direk na deelname hulle Volkiebroek bo-oor of hulle skool-atletiekbroekie.
- Donderdag, 26 Januarie se kleredrag is dieselfde as Vrydag s'n.

MAANDAG, 16 JANUARIE:

Ons jaarlikse Huissport vind plaas op Maandag, 16 Januarie te Hoër Volkskool se veld. Die skool verdaag om 12:00 en die atletiekbyeenkoms begin om 13:00 tot 17:00. Die naskoolleerders wat betrokke is sal vervoer word na Hoër Volkskool. Die res van die leerders bly by die naskool soos normaal. Ouers kan leerders na afloop van die byeenkoms by Hoër Volkskool kom afhaal.

VRYDAG, 20 JANUARIE:

Ons het 'n middag-aand byeenkoms by Laerskool Fonteine. Byeenkoms begin 13:30. Reëlings volg later.

8 **SKOOLUITKOMTYE**:

Skool begin daagliks om 07:25. Maandag tot Donderdag verdaag:
..... die Gr RR, R, 1 & 2 - om 13:00
..... die Gr 3 - 7 - om 13:45
Vrydag verdaag die skool om 13:15.

LET WEL: DIE GRAAD R EN GRAAD 1 LEERDERS SAL TOT VRYDAG,13 JANUARIE OM 12:00 VERDAAG.

9 **OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS:**

Ouers word versoek om asb die leerders net op- of af te laai by die skool. Ons het baie leerders en ouers wat geakkomodeer moet word by die parkeerplekke by die hekke. Neem mekaar in ag asb!

10 **VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE:**

Ouers wat belangstel om aansoek te doen vir vrystelling van skoolfonds, moet asb. **PERSOONLIK** die vorms in die Finansieskantoor kom **AFHAAL EN INHANDIG** voor einde Februarie 2017. Vorms gaan nie aan die leerders uitgedeel word nie. Ouers wat leerders in pleegsorg het of deur die hof in pleegsorg geplaas is, moet ook asb. vir rekorddoeleindes 'n vrystellingsvorm invul. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

11 **SKOOLGELDE VIR 2017:**

Gr. R en RR - 7:

- 1ste kind - R840 p.m. vir 11 maande = R9 240
- 2de kind - R720 p.m. vir 11 maande = R7 920
- 3de kind - R610 p.m. vir 11 maande = R6 710
- 4de kind - Gratis

EENMALIGE BETALING		**DEBIETORDER (11 maande)**
Voor 31 Desember 2016	Voor 1 Maart 2017	Vanaf 1 Januarie 2017 tot 30 November 2017
10 % 1ste = R8316 2de = R7128 3de = R6039	5 % 1ste = R8778 2de = R7524 3de = R6375	5 % (1ste kind = R798 p/m)
		5 % (2de kind = R684 p/m)
		5 % (3de kind = R580 p/m)

- Elektroniese betalings kan ook gedoen word.

  ABSA Heidelberg
  Reknaam: Volkskool Skoolfonds
  Reknommer: 500940034
  Takkode: 334143
  Verwysingsnommer: (**Rekeningnommer op die staat)** (Kontak vir Chrisna indien u nie u rekeningnommer weet nie)
- Betaal volle 2017 skoolgeld voor 1 Maart 2017 en kry 5% korting.
- Betaal per debietorder en kry 5% afslag en betaal oor 11 maande.
- Indien u die skoolrekening per epos wil ontvang, stuur 'n epos na finansies@laervolkskool.co.za met u rekeningnommer.

LALIE BOEKE:

Die Graad 1-3 leerders ontvang 'n ekstra werkboek vir R140 wat op u skoolfondsrekening gedebiteer sal word. U is welkom om by die kantoor te kom betaal.

12 **KULTUURAAND**:

Neem kennis dat daar nog kaartjies beskikbaar is vir ons Kultuuraand vanjaar!

Datum:	17 Februarie 2017	Tyd:	18:30 vir 19:00
Plek:	Poortjie saal	Drag:	Formeel
Gaskunstenaars:	Adam Tas	Koste:	R300 per persoon
Kaartjies:	Beperkte aantal sitplekke is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.		

Kultuuraandvergadering vir al die Graad 7 ouers, is Woensdagaand om 18:00 in die skoolsaal!

13 **HUISWERKBOEKIES**:

Leerders ontvang 'n huiswerkboekie waarvoor hulle asb. R20 moet inbetaal. Hierdie huiswerkboekies MOET ELKE DAG by die skool wees vir kontrole en inskrywings.
Alle belangrike inligting, is opgeteken in die hierdie uitstekend saamgestelde boekie.

14 **KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL**:

Kommunikasie na ons ouers geskied op die volgende wyses:

- Skool se webwerf is www.laervolkskool.co.za
- School Communicator link - www.school-communicator.com/download.php.
  Kies die skool - Laer Volkskool Heidelberg en volg die instruksies vir u rekenaar/ **SLIMFOON.**
  HIERDIE "APP" IS BAIE BELANGRIK, WANT DIT GAAN GEBRUIK WORD VIR DRINGENDE KOMMUNIKASIE NA U AS OUER.
- Ons Facebook-adres is:
  http://www.facebook.com/pages/Laer-Volkskool-Heidelberg/114981885345721

- Indien u verkies om die skool omsendbriewe per epos te ontvang, stuur asb u kind/ers se naam en graad per epos na sekretaress@laervolkskool1.co.za of 'n nota na die registeronderwyser.
- ***Ons versoek asb geen WhatsApp groepe nie. Kontak vir Heléne indien u 'n boodskap wil uitstuur.***

15 **REDENAARS:**

- Ons skoolredenaars vir hierdie jaar is as volg:
  Junior redenaars: 8 Februarie 2017
  Senior redenaars : 9 Februarie 2017
- Leerders wat wil deelneem moet voor of op 27 Januarie 2017 hulle name vir Juf Lizelle (Jnr) en Juf Madeleine (Snr) kom gee.
- Temas:

Graad 1 tot Graad 3	Graad 4 tot Graad 5	Graad 6 tot Graad 7
Gogga	Klei	Spieël
Reënboog	Note	Krap
Blink	Blou	Klik

- Produksie 2000 besoek ons skool op 30 Januarie 2017. Koste beloop R15 per leerder. Die tema is hierdie jaar "Die gesig in die spieël.:

16 **SKAAK**:

Belangrike Volkie skaakdatums:

4 Feb - Heidelberg Skaakope (Hoër Volkskool)
24 Feb - Laer Volkskool Skaakope (Laer Volkskool)
25 Feb - Heidelberg Skaakklub ope (Laer Volkskool)
11 Maart - AG Visser Skaakope (AG Visser)
22 April - D7 Skaak Laerskool liga

SAJCC

- Die 19 Volkies het goed gevaar by die Suid-Afrikaanse Junior Skaakkampioenskappe die afgelope Desember vakansie.
- Baie geluk aan die volgende leerders met hulle pragtige prestasies: Danielle de Villiers, Div Huisamen, Lisa-Marie de Villiers, Stefan Schonken, Stefan Grobler, Anika Coetzee, Anru Eloff, Armin Stimie, Danielle Scharfenecker, Louis Human, Gabriella Roos, Claryn van Niekerk, Reuben Stimie, Brandt Huisamen, LJ de Villiers en Pieter Human, Roxanne Roos, Georg Fritz en Jaco Coetzee.
- Baie geluk aan Danielle de Villiers wat 3de o/10 dogters en Lisa-Marie de Villiers wat 8ste o/14 dogters geëindig het. Beide dring deur na die SAJCCC!!!

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF